

Maandag

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10.

Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Dit is wat die Here met die uittog van Israel uit Egipte doen en hoe Hy Homself aan die Farao as God bekend maak met die bevel na omtrent elke plaag: "Laat my volk gaan om my te DIEN." Ex. 8: 1; 8: 20, Ex. 9:1, Ex. 9: 13 en Ex. 10:3. Dit beteken dat die Farao moet erken dat hy nie 'n god met goddelike kragte en magte is wie die Here se volk slawe van sy wil en drome kan maak nie. Hy moet erken dat hulle God se volk is wie God moet dien volgens God se wil. Die tien plaë oor Egipte was die magtige dade van God waarmee Hyself die Farao se magsgreep op sy volk gebreek het om hulle te laat wegtrek uit Egipte om Hom in die beloofde land te kan gaan dien. Dit is hoe die Here dit deur Moses aan die Israeliete by die berg Horeb aangekondig het: "Ek het julle soos op arendsvlerke gedra en na My toe gebring. As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke My eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie." God maak elke Israeliet 'n priester wat die Here dien en eer, in en met sy hele lewe, gemaak deur sy magtige verlossingsdade. Dit is hoe God se verbond werk! Hy verlos jou en maak jou toegewyd aan Hom met sy magtige dade, en dan kan en mag en moet jy Hom volgens sy wil dien. Die Tien Gebooie was nog altyd die wyse waarop mense wat God met magtige dade verlos het hulle, hul aan Hom toegewy het. Só leef mense saam met God in sy magtige teenwoordigheid binne sy verbondsliefde. Hulle is verlos óm te dien volgens sy wil! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10.

Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Moses was 'n dienaar van die Here gewees. Hy moes net een ding doen. Hy moes die verlossingsdade van die aankondig! Aankondig beteken hy moes sê dat die Here sy volk verlos en sê wat is die wil van die Here waarvolgens sy volk moet leef. In ons taal vandag was Moses 'n predikant gewees. 'n Predikant wat nie goed kon preek nie, want hy het gesukkel om met mense te praat! Moses sê vir die Here dat sy tong sukkel. (Ex. 4:10) Dit kon enige iets van hinkel tot angs om voor mense te praat, gewees het. Die Here het egter gesê hy moet dat sy broer Aaron die praatwerk doen, maar Moses moet die Here se verlossingsdade en wil aankondig. (Ex. 4: 10 – 17) God het nie een van sy magtige dade déúr Moses gedoen nie. Moses moes net elke keer doen wat die Here gesê het en dan het God sêlf die wonderwerke gedoen, sonder Moses. Moses moes nie vir die Farao gaan dreig wat hý as Moses gaan doen of die Here déúr Moses gaan doen nie. Hy het die Farao nie met die opstand, plundering en geweld van sy slawe gedreig nie. Moses was nêr 'n predikant wat vir hierdie magtigste koning in daardie wêreld mos gaan vertel, gaan aankondig wat Góð gaan doen! Aaron moes net die praatwerk doen wanneer Moses vasgehaak het. Hulle was nie toordokters of towenaars wat deur goddelike kragte en magte wonderwerke gedoen het nie, ook nie geestelikes deur wie God met goddelike

kragte gewerk het nie. Hulle moes net die Here se verlossing aankondig! God het elke magtige verlossingsdaad self gedoen! Moses moes ook nie die Israeliete aan die Here toewy en reg laat leef nie. Hy moet net as predikant die Here se wil aankondig en verkondig. Die Here sal sy volk sêlf lei om Hom volgens sy wil te dien. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10. Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Die "God" binne-in die Israeliete se lewe, harte en gedagtes was 'n ander "God" as die Here wat hulle verlos het om Hom te dien. Daarom sê hulle vir Aaron: "Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei." Ex. 32: 1 Hulle wou nie die Here se volk wees wat Hom volgens sy wil dien nie. Hulle wou 'n godsbeeld hê wat wys dat hulle hul self verlos het en daarom kan doen wat hulle wil. Godsbeelde is hoe mense God en alles wat God doen, ontgoddelik. Met die verklaring: "Maak 'n god wat ons kan lei", "roof hulle God van die eer van al die plaes en wonders wat Hy gedoen het om hulle uit Egipte te bevry. Só maak die volk Aaron hulle bemagtigde LEIER in die plek van Moses as PREDIKER. Hoe verskil 'n predikant van 'n bemagtigde leier? 'n Predikant preek die Here se verlossing en wil in sy Gebooie. 'n Bemagtigde leier maak godsbeelde vir die afgode in mense se lewe, hart en gedagtes, wat hulle die Naam "Jahweh", God, voor gee, maar dit is nie Jahweh nie. Hulle moet godsbeelde maak waardeur mense hulle self kan verlos en kan doen wat hulle wil, terwyl hulle hierdie godsbeeld die Naam van God voor gee. Met die goue kalf vergoddelik hulle Moses, maar Moses is weg. Só? Nou gaan Aaron die goddelike mag en krag kry om vir hulle dieselfde wonderwerke te doen as wat Moses vir hulle gedoen het. Hoe bemagtig só 'n leier die volk van God? Hy beeld God uit as dié god wat hulle in hul harte graag begeer en noem hierdie uitbeelding dan "die Here", "Jahweh." Aaron maak hul afgod die ware God - so glo hulle. 'n Bemagtigde leier is iemand wie God se goddelike krag en mag só uitoefen dat mense met die goddelike krag van die afgod binne-in hulle bemagtig word. Met goddelike krag, mag en lewe wat hulle van God roof, bemagtig geestelike leiers en hul volgelingen mekaar, omdat hulle nie God wil eer en sy gebooie wil gehoorsaam nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag.

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10. Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Moses wat van die berg Horeb terug kom, wys dat God nog steeds van Moses die prediker van sy magtige teenwoordigheid in sy verlossingdade maak. God laat Hom nie ontgoddelik as die afwesige God nie. Die optrede van Moses teenoor die van Aaron wys die verskil tussen hulle wie God se verlossing en wil aankondig en hulle wat die volk met afgodsbeeld/e bemagtig en bemagtig word – dis die verskil tussen predikante en bemagtigde leiers. Die verskil is vir alle tye waar! MOSES doen voorbidding vir die volk se sonde. AARON sê hulle sleg vir wat hy hulle laat doen het! Moses het by

God pleit dat God nie toornig op sy volk wat sonde gedoen het sal wees nie, maar aan sy verbondsliefde en trou moet dink. Dit beteken dat God hierdie volk wie gesondig het, volgens sy onderneming van Ex. 19: 5 – 6 nog steeds 'n koninkryk van priesters sal laat bly en hulle nog steeds sy gewyde nasie sal maak. Hy pleit dat God hulle nog steeds aan Hom sal toewy sodat hulle Hom weer volgens sy wil kan gehoorsaam laat leef. Wat doen Aaron? AARON is besig met versoening tussen hom en Moses! Moses pleit om versoening by God vir sy volk wat gesondig het. Aaron verontskuldig homself deur die volk sleg te maak. Ex. 32: 22 Wat verdedig Aaron glad nie? Hy praat nie eers een woord oor hoe krag en magtig is die goue kalf nie, en hy is skielik glad nie meer die bemagtigde leier wat moet opstaan om die volk te bemagtig nie. Hy verwerp die Here se volk as sleg. God moet, volgens Aaron, vir Homself 'n b ter volk en 'n  nder volk kry as hierdie een. Hulle kan nie sy koninkryk van priesters en sy gewyde volk wees nie. Daarvoor verklaar Aaron hulle as te sleg - hulle wie goed genoeg was om van h m 'n bemagtigde leier te gemaak het! Daarteenoor: Moses as predikant doen voorbidding dat God hul steeds sy dienaars sal hou. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Vrydag

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10. Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Die apostel Petrus haal presies Ex. 19: 5 – 6 aan oor God wat Israel sy koninkryk van priesters en sy gewyde nasie maak (1 Pet. 2) wanneer hy God se Woord aan hulle wat heidene was uit gemeenskappe wat afgode s  aankondig: "Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus welgevallig is" (vers 5), en, "Julle daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, ... wat die verslossingsdade moet verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het na sy wonderbaarlike lig." (vers 9) Dit is wie Jesus Christus is en wat Hy doen. Sy lyding en opstanding vir ons sondes, maak ons vir God se liefde en diens heilig en regverdig. Daarom kan ons saam met God leef en onself aan Hom toewy in sy magtige teenwoordigheid as God met ons. God vergewe ons, ons elke keer ons afgodsdienste en hou ons sy kerk wie aan sy liefde toegewy mag leef volgens sy wet. Daarom kan ons, ons elke keer bekeer van elke afgod wat ons in ons lewe, harte en gedagtes opgemaak het om God in ons lewe te probeer afwesig maak, want Jesus Christus is die Here wie getrou bly aan sy kerk in sy verbondsliefde. Hy word vir ons nooit die afgod wie ons Hom in ons harte en lewe wil laat wees nie. Wat maak die bemagtigde leiers (die Aaron's van hierdie w reld) met God se kerk wanneer hulle sonde doen? Hulle verskoon hulle self van hulle eie geestelike misleiding van die kerk as bemagtigde leiers en s  die kerk wat h lle opgemaak het sleg om s  'n nuwe kerk vir 'n nuwe god op te maak! So bly hul bemagtigde leiers – deur hul eie gode en kerke wat hulle opgemaak het te verwerp as sleg en weer nuwes te maak. Nuwe afgode vir nuwe kerke om net weer 'n nuwe afgodsdienst te bedryf in die plek van die ou slegte afgodsdienst. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10.

Teks: 1 Pet. 2: 5. Tema: "God verlos ons om volgens sy wil te leef." Vandag se bemagtigde geestelike leiers maak vir die afgode wat mense in hul harte van God opmaak elke keer nuwe Jesus-beelde, 'n goue kalwers. Die "swart-Jesus" was die Jesusbeeld vir die swartbewussyn in Amerika en Suid Afrika. Hulle het 'n Jesus beeld gemaak met die oproep teen wittes: "Laat my volk gaan", dit was in Engels die slagspreuk teen witmag: "Let my people go!" Met hierdie oproep het die massa landmyne geplant, bomme laat afgaan, mense met bande gebrand en stede geplunder. Met hierdie Jesusbeeld kon hulle hul self bevry en doen wat hulle wil. Oor die wetteloosheid in die land wat vandag die gevolge van die "swart- Jesus" is, swyg alle geestelikes. Net so het hulle vanaf 1922 vir die nuwe Afrikanermag 'n "volks-Jesus" gemaak wat toe skielik op 'n Ossewa gesit het, terwyl die NG Kerk in 1836 hulle wat op die Groot Trek gegaan het onder sensuur geplaas het. Hierdie "volks-Jesus" was tjoepestil oor al die ongeregthede wat gepleeg is in die naam van die volk. Toe die mag swaai na 'n nuwe nasie toe het hulle skielik weer 'n nuwe goue kalf gemaak – "Jesus van die nasie" ! Nou is "Nkosi Sikelele Afrika" die slagspreuk vir 'n nasionale biddag en word gemeenskapdiens in sinodale vergaderings gereël ter ere van "Pappa Madiba" - nie tot eer van Ons Vader wie in die hemel is nie. Die beeld van die "nasie-Jesus" is nou die beeld van 'n grenslose Jesus in wie se naam geestelikes huwelike van homoseksuele mense volgens die nasie se grondwet inseën. Die "nasie-Jesus" se wil is nou die grondwet, nie meer die Tien Gebooie nie. Tussen al hierdie goue kalwers heen is die kerk van die Here hulle wat nie hierdie Jesusbeelde vereer nie maar wie vashou aan God se verbondsliefde vir sy kerk en sy Tien Gebooie uit liefde gehoorsaam. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.